SAIGR Wetgewinghandboek 2010/2011 Volume 2

ERRATA

Ons sluit hiermee regstellings tot Volume 2 van die *SAIGR Wetgewinghandboek 2010/2011* in. Ons vra verskoning vir enige ongerief wat veroorsaak is deur hierdie foute.

Op bladsy 35 behoort artikel 6 (2) (*a*) en (*b*) soos volg te lees:

(*a*) 'n primêre korting toegelaat 'n bedrag van R10 260; en

[Par. (*a*) gewysig deur a. 4 van Wet No. 36 van 1996, deur a. 3 van Wet No. 28 van 1997, deur a. 22 (*a*) van Wet No. 30 van 1998, deur a. 5 (*a*) van Wet No. 32 van 1999, deur a. 15 (*a*) van Wet No. 30 van 2000, deur a. 6 (*a*) van Wet No. 19 van 2001 en deur a. 11 van Wet No. 30 van 2002, vervang deur a. 35 van Wet No. 12 van 2003, deur a. 6 van Wet No. 16 van 2004 en deur a. 3 van Wet No. 9 van 2005 en gewysig deur a. 20 van Wet No. 9 van 2006, deur a. 2 (2) (*a*) van Wet No. 8 van 2007, deur a. 1 (2) (*a*) van Wet No. 3 van 2008, deur a. 6 (3) van Wet No. 17 van 2009 en deur a. 5 (3) van Wet No. 7 van 2010.]

(*b*) 'n sekondêre korting toegelaat, indien die belastingpligtige op die laaste dag van die jaar van aanslag 65 jaar of ouer was of sou gewees het indien hy of sy die lewe behou het, 'n bedrag van R5 675.

[Sub-a. (2) gewysig deur a. 5 (*a*) en (*b*) van Wet No. 91 van 1982, deur a. 4 van Wet No. 121 van 1984, deur a. (3) (*a*) en (*b*) van Wet No. 96 van 1985, deur a. 4 van Wet No. 85 van 1987 en deur a. 4 (*b*) en (*c*) van Wet No. 90 van 1988, vervang deur a. 4 (1) (*a*) van Wet No. 70 van 1989, gewysig deur a. 3 (*a*), (*b*) en (*c*) van Wet No. 101 van 1990, deur a. 4 (*b*), (*c*), (*d*) en (*e*) van Wet No. 129 van 1991 en deur a. 4 (*a*), (*b*) en (*c*) van Wet No. 141 van 1992 en vervang deur a. 5 (*a*) van Wet No. 21 van 1995. Par. (*b*) gewysig deur a. 22 (*b*) van Wet No. 30 van 1998, deur a. 5 (*b*) van Wet No. 32 van 1999, deur a. 15 (*b*) van Wet No. 30 van 2000 en deur a. 6 (*b*) van Wet No. 19 van 2001, vervang deur a. 35 van Wet No. 12 van 2003, deur a. 6 van Wet No. 16 van 2004 en deur a. 3 van Wet No. 9 van 2005 en gewysig deur a. 2 (2) (*a*) van Wet No. 8 van 2007, deur a. 1 (2) (*a*) van Wet No. 3 van 2008, deur a. 6 (3) van Wet No. 17 van 2009 en deur a. 5 (3) van Wet No. 7 van 2010.]

Op bladsy 58 behoort die voorgestelde paragraaf (*a*) van die omskrywing van „deelnemende regte" in artikel 9D (1) soos volg te lees:

(*a*) die reg om te deel in al die voordele of 'n gedeelte van die voordele van die regte (buiten stemregte) verbonde aan 'n aandeel, of enige belang van 'n soortgelyke aard, in daardie maatskappy; of

[Par. (*a*) vervang deur a. 16 (1) (*c*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011.]

Op bladsy 60 behoort artikel 9D (2A) (*l*) soos volg te lees:

(*l*) waar die geldeenheid gebruik deur 'n beheerde buitelandse maatskappy vir doeleindes van finansiële verslagdoening—

(*l*) waar die funksionele geldeenheid van 'n beheerde buitelandse maatskappy—

[Par. (*l*) gewysig deur a. 16 (1) (*i*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011 en van toepassing ten opsigte van buitelandse belastingjare van beheerde buitelandse maatskappye wat eindig gedurende jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.]

Op bladsy 60 behoort artikel 9D (2A) (*l*) (ii) soos volg te lees:

(ii) die beheerde buitelandse maatskappy 'n nuwe geldeenheid van finansiële verslagdoening aangeneem het as gevolg van die versaking in subparagraaf (i) (*aa*) beoog,

(ii) die beheerde buitelandse maatskappy 'n nuwe funksionele geldeenheid aangeneem het as gevolg van die versaking in subparagraaf (i) (*aa*) beoog,

[Sub-par. (ii) vervang deur a. 16 (1) (*j*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011 en van toepassing ten opsigte van buitelandse belastingjare van beheerde buitelandse maatskappye wat eindig gedurende jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.]

Op bladsy 72 behoort artikel 10 (1) (*k*) (i) soos volg te lees:

(*k*) (i) dividende (behalwe buitelandse dividende ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van 'n persoon:

(*k*) (i) dividende (behalwe buitelandse dividende of dividende deur 'n hoofkwartiermaatskappy betaal of verklaar) ontvang deur of toegeval aan of ten gunste van 'n persoon:

[Sub-par. (i) vervang deur a. 18 (1) (*j*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011 en is van toepassing ten opsigte van dividende betaal of verklaar gedurende jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.]

Op bladsy 73 behoort die voorgestelde artikel 10 (1) (*k*) (ii) (*bb*) soos volg te lees:

(*bb*) indien die aandeel ten opsigte waarvan die buitelandse dividend betaal word 'n genoteerde aandeel is;

(Redaksionele Nota: Item (*bb*) sal vervang word deur a. 13 (1) (*i*) van Wet No. 17 van 2009 met inwerkingtreding vanaf die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van hierdie Wet in werking tree – datum nie bepaal nie.)

Op bladsy 77 moet die volgende voorgestelde artikel 10 (1) (*x*) (iv) na die bestaande artikel 10 (1) (*x*) (iv) bygevoeg word:

(iv) die beëindiging of naderende beëindiging van sodanige persoon se dienste daaraan te wyte is dat sy werkgewer opgehou het of van voorneme is om op te hou om die bedryf te beoefen ten opsigte waarvan sodanige persoon in diens was of dat sodanige persoon oorbodig geword het omrede sy werkgewer 'n algemene vermindering in personeel of 'n vermindering in personeel van 'n bepaalde klas ingestel het en, waar sodanige persoon se werkgewer 'n maatskappy is, sodanige persoon nie te eniger tyd 'n direkteur van sodanige maatskappy was nie en nie te eniger tyd meer as vyf persent van die ekwiteitsaandele of ledebelang in sodanige maatskappy gehou het nie;

[Sub-par. (iv) vervang deur a. 18 (1) (*v*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011.]

Op bladsy 94 moet paragraaf (*c*) van artikel 11D (2) verwyder word.

Op bladsy 101 behoort artikel 12E (4) (*a*) soos volg te lees:

(*a*) **„kleinsakekorporasie"** 'n beslote korporasie, 'n koöperasie of enige maatskappy wat as 'n privaatmaatskappy ingevolge die Maatskappywet, 1973 (Wet No. 61 van 1973), ingelyf is, waarvan al die aandeelhouers gedurende die volle jaar van aanslag natuurlike persone is, waar—

„kleinsakekorporasie" 'n beslote korporasie of 'n koöperasie of enige privaatmaatskappy soos omskryf in artikel 1 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), waarvan al die aandeelhouers gedurende die volle jaar van aanslag natuurlike persone is, waar—

[Par. (*a*) gewysig deur a. 23 (1) (*a*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011.]

Op bladsy 286 behoort die voorgestelde paragraaf 3A (*b*) (iii) van die Tweede Bylae soos volg te lees:

(iii) waar enige sodanige enkelbedragvoordeel betaalbaar word maar die afhanklikes of benoemdes van daardie persoon 'n jaargeld (insluitend 'n lewende annuïteit) wat deur daardie fonds gekoop of voorsien word, kies, geen enkelbedragvoordeel geag word aldus toe te geval het nie, namate die enkelbedragvoordeel gebruik is om die jaargeld te koop of te verskaf; en

Op bladsy 309 behoort die voorgestelde paragraaf 6 (*a*) (i) van die Sesde Bylae soos volg te lees:

(i) onroerende eiendom, hoofsaaklik vir sakedoeleindes gebruik, buiten handelsvoorraad; en

[Item (i) vervang deur a. 88 (1) (*a*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2011 begin.]

Op bladsy 309 behoort die voorgestelde paragraaf 6 (*c*) van die Sesde Bylae soos volg te lees:

(*c*) . . . . . .

[Sub-par. (*c*) geskrap deur a. 88 (1) (*c*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Maart 2011 begin.]

Op bladsy 315 behoort paragraaf 7 (4) (*a*) van die Sewende Bylae soos volg te lees:

(*a*) met betrekking tot elke bedoelde maand, ’n bedrag gelyk aan 2,5 persent van die vasgestelde waarde van bedoelde voertuig: Met dien verstande dat—

(i) waar meer as een motorvoertuig gelyktydig deur ’n werkgewer aan ’n bepaalde werknemer beskikbaar gestel word en die bepalings van subparagraaf (6) nie in die geval van bedoelde voertuie van toepassing is nie, genoemde waarde ’n bedrag gelyk aan 2,5 persent van die vasgestelde waarde van die motorvoertuig met die hoogste vasgestelde waarde en 4 persent van die vasgestelde waarde van elke ander bedoelde motorvoertuig is; en

[Par. (i) vervang deur a. 56 (1) (*b*) van Wet No. 31 van 2005 met inwerkingtreding vanaf 1 Maart 2006 en van toepassing ten opsigte van enige jaar van aanslag wat op of na daardie datum begin.]

(ii) waar die werknemer benewens die reg van gebruik van ’n voertuig ook vir dieselfde tydperk ’n toelae ten opsigte van vervoeronkoste met betrekking tot ’n ander voertuig toegestaan is (behalwe ’n toelae of voorskot in artikel 8 (1) (*b*) (iii) beoog), word bedoelde voertuig by die toepassing van subitem (i) geag ’n voertuig te wees ten opsigte waarvan die koers van 4 persent van toepassing is:

Met dien verstande voorts dat waar die werknemer nie ’n toelae of voorskot in artikel 8 (1) (*b*) bedoel ontvang ten opsigte van daardie voertuig nie en daardie werknemer—

(i) die koste dra van alle brandstof gebruik vir die doeleindes van die private gebruik van die voertuig (met inbegrip van reise tussen die werknemer se woonplek en werkplek), die waarde van private gebruik vir elke maand vasgestel word deur 0,22 persentasiepunte af te trek van die persentasie wat op die vasgestelde waarde van daardie voertuig toegepas word; of

(ii) die volle koste van die instandhouding van die voertuig dra (met inbegrip van die koste van herstelwerk, diens, smering en bande), die waarde van private gebruik vir elke maand vasgestel word deur 0,18 persentasiepunte af te trek van die persentasie wat op die vasgestelde waarde van daardie voertuig toegepas word; en

[Item (*a*) gewysig deur a. 30 van Wet No. 96 van 1985, vervang deur a. 10 (1) (*a*) van Wet No. 108 van 1986, gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 956 van 1988 en deur a. 44 (1) van Wet No. 90 van 1988, vervang deur Goewermentskennisgewing No. R.715 van 1989, deur a. 25 (1) van Wet No. 70 van 1989, deur Goewermentskennisgewing No. R.764 van 1990, deur a. 58 (1) van Wet No. 101 van 1990 en deur a. 50 (1) (*c*) van Wet No. 129 van 1991 en gewysig deur a. 47 (1) (*d*) van Wet No. 21 van 1995, deur a. 50 (1) van Wet No. 28 van 1997 en deur a. 56 (1) (*a*) en (*c*) van Wet No. 31 van 2005 met inwerkingtreding vanaf 1 Maart 2006 en van toepassing ten opsigte van enige jaar van aanslag wat op of na daardie datum begin.]

Op bladsy 318, Sewende Bylae, paragraaf 9 (3) (*a*) (iii) (*aa*) (A) behoort as volg te lees:—

(A) bedoelde huisvesting ongemeubileerd is en krag of brandstof deur die werkgewer verskaf is; of

Op bladsy 357, die Agtste Bylae, paragraaf 74 – die annotasie aan die einde van die omskrywing van “kapitaaluitkering” behoort as volg te lees:

[Omskrywing van “kapitaaluitkering” vervang deur a. 78 (1) (*a*) van Wet No. 17 of 2009 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011. (Redaksionele Nota: Datum van inwerkingtreding in a. 78 (2) van Wet No. 17 van 2009 soos gewysig deur a. 154 (1) van Wet No. 7 van 2010).]

Op bladsy 357, die Agtste Bylae, paragraaf 74 – die annotasie aan die einde van die omskrywing van “uitkering” behoort as volg te lees:

[Omskrywing van “uitkering” vervang deur a. 78 (1) (*b*) van Wet No. 17 of 2009 met inwerkingtreding vanaf 1 Januarie 2011. (Redaksionele Nota: Datum van inwerkingtreding in a. 78 (2) van Wet No. 17 van 2009 soos vervang deur a. 154 (1) van Wet No. 7 van 2010).]

Op bladsy 847 behoort die aantekening tot die voorgestelde omskrywing van “biometriese inligting” soos volg te lees:

(Omskrywing van „biometriese inligting” sal ingevoeg word deur a. 33 (1) van Wet No. 18 van 2009 met inwerkingtreding op ’n datum deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal – datum nie bepaal nie.)

Op bladsy 861 moet die volgende voorgestelde artikel 8 (23) na die bestaande artikel 8 (23) ingevoeg word:

(23) By die toepassing van hierdie Wet, sal ’n ondernemer geag word dienste te lewer aan ’n openbare bestuur of munisipaliteit tot die mate wat enige betaling gemaak aan of ten behoewe van daardie ondernemeringevolge ’n nasionale behuisingsprogram beoog in die Behuisingswet, 1997 (Wet No. 107 van 1997), deur die Minister by regulasie na oorleg met die Minister verantwoordelik vir Menslike Nedersettings goedgekeur.

(Sub-a. (23) vervang deur a. 120 (1) (*c*) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 April 2011 en is van toepassing ten opsigte van lewerings op of na daardie datum gemaak.)

Op bladsy 872 behoort artikel 14 (1) soos volg te lees:

14. Invordering van belasting op toegevoegde waarde op ingevoerde dienste, vasstelling van waarde daarvan en vrystellings van belasting.—(1) Waar belasting ingevolge artikel 7 (1) (*c*) betaalbaar is ten opsigte van die lewering van ingevoerde dienste, moet die ontvanger binne 30 dae na die datum in subartikel (2) bedoel—

(*a*) ’n verklaring (in die vorm deur die Kommissaris voorgeskryf) aan die Kommissaris verstrek wat die inligting bevat wat benodig mag word; en

(*b*) die belasting wat op die waarde van die ingevoerde dienste betaalbaar is, bereken teen die belastingskaal van krag op die datum van die lewering van die ingevoerde dienste en daardie belasting aan die Kommissaris betaal.

14. Invordering van belasting op toegevoegde waarde op ingevoerde dienste, vasstelling van waarde daarvan en vrystellings van belasting.—(1) Waar belasting ingevolge artikel 7 (1) (*c*) betaalbaar is ten opsigte van die lewering van ingevoerde dienste, moet die ontvanger binne 30 dae na die datum in subartikel (2) bedoel—

(*a*) ’n verklaring (in die vorm deur die Kommissaris voorgeskryf) aan die Kommissaris verstrek wat die inligting bevat wat benodig mag word; en

(*b*) die belasting wat op die waarde van die ingevoerde dienste betaalbaar is, bereken teen die belastingskaal van krag op die datum van die lewering van die ingevoerde dienste en daardie belasting aan die Kommissaris betaal:

Met dien verstande dat waar die ontvanger ’n ondernemer is, daardie ondernemer die belasting betaalbaar op die waarde van die ingevoerde dienste moet bereken teen die koers van belasting van krag op die datum van die lewering van die ingevoerde dienste en die Kommissaris van ’n opgawe wat die inligting vereis vir doeleindes van die berekening van die belasting ingevolge artikel 14 moet voorsien en bedoelde belasting aan die Kommissaris ooreenkomstig artikel 28 betaal.

[Sub-a. (1) vervang deur a. 28 (1) van Wet No. 8 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Februarie 2011.]

Op bladsy 890 behoort artikel 23 (3) (*c*) soos volg te lees:

(*c*) daardie persoon voornemens is om ’n onderneming van ’n bepaalde datum te bedryf, waar daardie onderneming aan hom gelewer sal word as ’n lopende saak en die totale waarde van belasbare lewerings deur die leweraar van die lopende saak gedoen in die loop van die bedryf van daardie onderneming of gedeelte van die onderneming wat gelewer sal word, R50 000 in die voorafgaande 12 maande te bowe gegaan het; of

[Par. (*c*) vervang deur a. 93 (1) (*b*) van Wet No. 17 van 2009 met inwerkingtreding op 1 Maart 2010 en van toepassing ten opsigte van enige belstingtydperk wat op of na daardie datum begin.]

Op bladsy 891 moet die volgende voorgestelde artikel 23 (8) na die bestaande artikel 23 (8) ingevoeg word:

(8) . . . . . .

[Sub-a. (8) geskrap deur a. 124 (1) van Wet No. 7 van 2010 met inwerkingtreding vanaf 1 Maart 2011.]

SAICA
THE SOUTH AFRICAN INSTITUTE OF CHARTERED ACCOUNTANTS
develop.influence.lead.